Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Phumlani Abraham**
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
Phumlani.Abraham@westerncape.gov.za | 021 467 2625

Lêerno.: 4/2/3/1/2023-2024
Verwysing: 20240206-1507

Finansiëlerekeningkundeminuut: 0001/2024

Aan: Superintendent-generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van alle subdirektorate en afdelings, en finansiespersoneel

**Onderwerp: Basiese Rekeningkundige Stelsel (BRS) – Sluitingsprosedures vir die 2023/24-boekjaar**

## 1. Inleiding

Ingevolge artikel 40(1)(c) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), **moet** die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) teen 31 Mei 2024 finansiële jaarstate aan die Ouditeur-generaal voorlê. Vir die 2023/24-boekjaar wat op 31 Maart 2024 eindig, is dit nodig om die WKOD se boeke voor 30 April 2024 af te sluit. Die beoogde sluitingsdatum is **12 April 2024**. Gedwonge sluiting sal deur die Nasionale Tesourie in werking gestel word as 'n departement sou nalaat om sy boeke betyds af te sluit. Om hierdie rede word 'n dringende beroep op alle partye gedoen om op die volgende reëlings te let om te verseker dat daar aan die vereistes voldoen word.

## 2. Betalings op BRS/LOGIS/BASIS vir Maart 2024

Die Direktoraat: Bestuursrekeningkunde sal via e-pos aan alle rolspelers bevestig dat hulle die proses ten opsigte van betalings vir BRS-, LOGIS- en BASIS-inskakelings vir die 2023/24-boekjaar met ingang van 15 Maart 2024 sal bestuur.

## 3. Voorskotte en eise vir reis en verblyf (R&V)

R&V-voorskotte beïnvloed nie die afsluiting van die boekjaar nie, maar die normale BRS-betaaldatums sal steeds van toepassing wees. Maar, aangesien R&V-uitgawes slegs teen begrote fondse gedebiteer word nadat die eis verwerk is, is dit belangrik dat alle uitstaande eise vir die 2023/24-boekjaar voor 15 Maart 2024 ingedien word. Enige laat eise sal teen die 2024/25-boekjaar gedebiteer word. Voorskotte wat ná 07 Maart 2024 versoek word, word

afgeraai, maar sal in uitsonderlike gevalle waar dienslewering benadeel sal word, oorweeg word. Indien 'n eis minder as die voorskot is, moet alle verskille ook onmiddellik terugbetaal word.

4. **Kwitansies (distrikte en Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde)**

Alle kantore verantwoordelik vir die uitreiking van BRS-kwitansies moet seker maak dat kwitansies vir Maart 2024, ongeag die depositodatum, verreken word in die verrekeningsmaand (Maart), en dat alle hangende kwitansies op BRS toegewys is. Gemagtigde amptenare moet ook seker maak dat alle gekanselleerde kwitansies behoorlik gemagtig is.

5. **Kleinkasuitgawes (distrikte en Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde)**

Alle kleinkasuitgawes tot op 31 Maart 2024 moet gedurende Maart 2024 verreken word. Voor hierdie datum moet alle kleinkastransaksies afgesluit en ten volle terugbetaal word. Daar sal **nie** gedurende die tydperk 15 tot 31 Maart 2024 voorsiening gemaak word vir die gebruik van die kleinkas as 'n verkrygingsmetode nie.

6. **Verrekeningsmaand: Maart (distrikte en Direktorate: Finansiële Rekeningkunde en Verkrygingsbestuur)**

Dit is noodsaaklik dat die korrekte inskrywingsdatum te alle tye op BRS gebruik word, veral wanneer joernaalinskrywings ten opsigte van regstellings vir die 2023/24-boekjaar gedurende April 2024 vasgelê word. Alle gemagtigde amptenare moet ook seker maak dat joernale wat vir Maart 2024 vasgelê is betyds binne hul werkvloei gemagtig word.

7. **Uitstaande transaksies op BRS**

Alle uitstaande transaksies met 'n status van "*open reject*", "*to be rejected*", "*incompl*", "*tobeact*", "*tobeau*" en "*rejauth*" moet volgehou, gemagtig of gekanselleer word. 'n Uitstaande transaksieverslag per funksionele area (betalings, joernale, ens.) kan op die BRS by die verslagdoeningfunksie ("*Other Reports*") versoek word. Die verantwoordelike gebruikers kan na aanleiding van hierdie verslag vir die doeleindes van die finalisering van uitstaande transaksies geïdentifiseer word. So nie, kan 'n "*Outstanding transaction enquiry dialogue*" opgeroep word om die uitstaande transaksies in die "*Creditor Payment*"-funksionele areas te besigtig. Die keerdatum vir die verrekening van uitstaande transaksies is **15 Maart 2024**.

8. **BRS-inskakelings en -uitsonderings (Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde)**

Die verantwoordelike amptenare moet seker maak dat alle bank- en PERSAL-inskakelingsuitsonderings voor die finale afsluiting verreken word. Die BRS-stelselkontroleur moet seker maak dat alle PERSAL-lopies ingeskakel het op BRS en dat die bank-inskakelings plaasgevind het.

9. **Bates-en-lasterekeninge (Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde)**

Ten einde bates-en-lasterekeninge korrek in die finansiële state te openbaar, is dit noodsaaklik dat die nodige stappe gedoen word om hierdie rekeninge uit te klaar om die korrekte saldo's, bv. kredietsaldo's op skuldrekeninge, te reflekteer. In gevalle waar debietbedrae nie ooreenkom met kredietbedrae nie (en vice versa), moet hierdie debiete en krediete vir doeleindes van finansiële state afsonderlik gespesifiseer en deur die verantwoordelike amptenare verouder word. In hierdie verband moet die nodige ondersteuningsdokumente ook ingedien word. In die geval van beleggingsrekeninge vir spesiale fondse moet die saldo's vir die finale staatdoeleindes gerekonsilieer word.

10. **Eise betaalbaar en eise verhaalbaar (Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde)**

10.1 Ten opsigte van bedrae verskuldig deur en aan ander departemente, is dit 'n vereiste dat sertifikate van bevestiging van uitstaande bedrae vir ouditdoeleindes voorgelê word vir elke departement met wie die WKOD 'n transaksie aangegaan het.

10.2 Die bevestigingsbriewe moet onmiddellik ná jaareinde (12 April 2024) uitgestuur word en teen nie later nie as 23 April 2024 teruggestuur word om departemente in staat te stel om hierdie inligting teen **10 Mei 2024** aan die Provinsiale Staatsrekeningkundige Dienste van die Provinsiale Tesourie voor te lê en die korrekte saldo's in hul finansiële state weer te gee. Sien Nasionale Tesourie-instruksie No. 3 van 2022/23 met 14 Desember 2022 as datum in hierdie verband.

11. **Inkomste-oorbetalings (Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde)**

Alle inkomste (oorverhaling) wat vir die 2023/24-boekjaar ontvang is, moet teen die datum wat die Ouditeur-generaal op die WKOD se jaarlikse finansiële state afgeteken het, toegewys en aan die Provinsiale Inkomstefonds oorbetaal wees.

12. **Afsluiting van die boekjaar (Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde)**

Die afsluiting van die werkvloei vir die 2023/24-boekjaar wat op 31 Maart 2024 eindig, sal op **11 April 2024** plaasvind. Dit beteken dat slegs die Afdeling Rekeningkundekontrole van die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde verdere regstellings (joernale) vir Maart 2024 voor die finale afsluiting wat op **12 April 2024** sal plaasvind, sal kan verwerk. Alle BRS-gebruikers word versoek om seker te maak dat al die nodige regstellings teen **11 April 2024** gemagtig word. Die finale afsluiting van die oudit sal eers plaasvind nadat die WKOD se finansiële state deur die Kantoor van die Ouditeur-generaal afgehandel is.

13. U samewerking ten opsigte van die vereistes in hierdie minuut sal waardeer word.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2024-02-09